DIE HERE VOORSIEN OP TASBARE WYSE.

Ek het so n les vandag geleer van ons Vader se tydsberekening. Ek het ‘n besige tyd vandag gehad en moes nog Springvalley (pleeghuis) se kos gaan koop. Ek beplan toe om vinnig by Pick en Pay in te hardloop, die kos te koop en te gaan aflewer. By die ingang word ek egter deur die Bestuurder voorgekeer met die nuus dat hulle rekenaars “offline” is en net kontant aanvaar. Ek is sommer lekker vies want daar gaan nog 15 min daarmee heen. Ek is weereens vies toe ek terugkom met die kontant en sien hulle rekenaars is weer “online”.

Toe ek by die kassier kom is ek redellik opgeklits. Die kos gaan egter deur en ek moet help pak want daar is nie n pakker nie. Ek maak my handsak oop om my kontant uit te haal toe die vroutjie agter my, my aandag trek en vra of sy my iets kan vra. “Natuurlik” -- en sy vra of ek sal omgee as sy vir my aankope kan betaal. Ek is so verstom en vra maar hoekom wil sy dit doen. Want, sê sy, “Die Here het vir haar gese sy moet dit doen”. Ek vra of sy weet waarvoor my aankope is. Sy het glad nie geweet nie. Sy het net geweet sy moet daarvoor betaal. Toe besef ek hoekom al my vertragings. Ek moes op daardie presiese oomblik op daardie presiese plek wees om die ontvanger van hierdie weldaad te wees.

Met ons kos tekorte en laat subsidies, is hierdie weereens ‘n bewys van die Here se voorsiening!

Annette: Bestuurder Rizpa (6 “cluster foster homes” Witbank)